

Skriflesing: Num 12:3 Matt 5:5 Matt 11:28-30

Tema: Gelukkig is hulle wat leef met 'n sagte hart.

Ons is nie van nature sagmoedig nie. Ons verwoes en vernietig. Ons vergeld en neem wraak. Ons sien dit al in die driftigheid waarmee klein kindertjies kan verniel. Ons sien dit in die tipe films waarna ons kyk. Ons lees dit in die koerantberigte. Ons leef in 'n samelewing wat homself wil laat geld. Daarom is ons wêreld vol geweld, protesaksie, mishandeling en dood.

Dit gaan van nature vir ons oor onself. Ons is trots en hoogmoedig en moet bo uitkom. Selfs in die kerk, al steek ons dit baie goed weg, is ons op soek na mag. Ons wil onself ten alle koste handhaaf. Die sterkes veg om oor die swakkes te heers.

Mossulini, aanvoerder van die Italiaanse magte in tweede wêreldoorlog, het gesê: "Liewer een dag soos 'n leeu lewe as eenhonderd jaar soos 'n skaap." Daarmee het hy baie mense se lewensingesteldheid verwoord.

Die mens se drang tot selfgeding begin al in die paradys. Adam en Eva wil nie voor God buig nie. Hulle kies om hul eie god te wees. In hul eie krag en vir eie gewin neem hulle die reg in hul eie hande.

Dit is in hierdie wêreld dat God, deur sy Seun Jesus Christus, intree met die radikale boodskap van Matt 5:5: "Geseënd is die sagmoediges, want hulle sal die nuwe aarde ontvang."

Sagmoedigheid is die teenoorgestelde gesindheid en manier van lewe as hierdie selfsugtige wêreld. Waar selfsug afbreek, bou sagmoedigheid op. Waar selfsug haat en onvrede stook, kan sagmoedigheid liefhê en in vrede leef. Waar selfsug in beheer wil wees en gedien wil word, dien sagmoedigheid en gee dit beheer oor.

Die woord sagmoedigheid is deur die Grieke gebruik om te verwys na 'n wilde dier wat mak gemaak is. Vir 'n wilde dier gaan dit net oor homself. Daarom sal hy byt en verskeur. 'n Mak gemaakte dier se fokus verskuif. 'n Mak hond is net so kragtig as toe hy wild was, maar sy krag is onder beheer gebring en hy is gefokus. 'n Mak hond is geleer om sy eienaar se bevele te gehoorsaam. Hy soek sy eienaar se voordeel. Hy het sy volle potensiaal bereik.

Ons leer in die eerste plek by Jesus hierdie sagmoedigheid. Jesus sê in Matt 11:29: "Ek is sagmoedig en nederig van hart." Ons sien en proe by nagmaal dat Hy die lydende kneg was. Hy het spotters en geweldenaars se belange op die hart gedra en vir hulle gesterf. Aan die kruis het Hy uitgeroep – "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!"

Ook Moses was sagmoedig. In Num 12:3 lees ons: "Moses was 'n uiters sagmoedige man, meer as enige iemand anders op aarde." In Eks 32:32 pleit hy vir sy sondige volk: "Vergewe tog hulle sonde. As dit nie kan nie, moet U my naam maar uitvee uit die boek wat U geskrywe het."

Jesus en Moses se optrede is die teenoorgestelde van die wêreld waarin ons onself ten alle koste wil laat geld. 'n Sagmoedig mens is 'n mens wie se sondige natuur en eie ek

makgemaak is. Daarom sal 'n sagmoedige mens nooit iets vir hom- of haarself opeis nie. So 'n mens is altyd gewilig om op die agtergrond te staan sodat God op die voorgrond kan staan.

'n Sagmoedige mens maak nooit aanspraak op regte nie, want so iemand weet alles is voorregte wat God uit genade skenk. 'n Sagmoedige is nie hardkoppig of liggeraak nie en probeer nie altyd die laaste woord inkry nie. In die voetspore van Jesus, plaas 'n sagmoedige die belange en behoeftes van ander bo sy eie.

Dalk voel u nou om te sê dat in ons dag en tyd van kompetisie en prestasie sulke sagmoedigheid belaglik en onmoontlik is. Daarom praat ons neerhalend van 'n sagmoedige Neelsie en is daar 'n Engels spreekwoord wat lui: "Nice guys come second." Maar die sagmoedigheid waartoe die Here ons oproep is nie swakheid of ruggraatlose pappbroekigheid, wat toelaat dat ander oor jou loop of om onreg net te aanvaar nie.

Moses, die toonbeeld van sagmoedigheid, was nie 'n swakkeling nie. Hy was 'n sterk leier as daar ooit een was. Hy het nie 'n oomblik geskroom om teen die afvalliges van sy volk op te tree nie.

Jesus, die groot sagmoedige, was sterker as almal. Hy het die Fariseërs en Skrifgeleerdes skerp tereggewys. Hy het die tempel skoongemaak van sakemanne wat uit was op oneerlike wins. Hy het die bouse oorwin terwyl dit nooit vir Hom oor Homself gegaan het nie. Hy het die eer van God en die voordeel van mense gesoek.

Hoe kan ek en jy, soos Hy, sagmoedig wees sodat ons die nuwe aarde kan ontvang? Sagmoedigheid begin die dag as ek afklim van my eie troon van selfverheffing en - handhawing en in geloof toelaat dat die Sagmoedige my makmaak. Dan maak eiebelang plek vir Godbelang en selfbeheer plek vir Geesbeheer.

Wanneer ons, deur die werking van die Heilige Gees, al minder raak sodat die Here in ons lewens al meer kan raak, begin Sy hart in ons klop en werk Hy Sy sagmoedigheid in ons.

Afsluiting

Christus, die groot Sagmoedige, se sagte hart klop in Sy kinders. Daarom is dit vir ons moontlik om die eer van die Vader en die voordeel van ander te soek.

Soos die mak hond by jou huis wat nou met groot opgewondenheid wag dat jy huis toe kom sodat hy jou kan liefhê, kan dien en met sy lewe kan beskerm, so is 'n sagmoedige mens opgewonde om ander lief te hê, te dien en te beskerm.

Amen